065852

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE
CENTRE FOR LIBRARY AND IMFORMATION SERVICES

RGN·HSRC

VERVALDATUM/DATE DUE

1986 -03- 10

182969108F

0000696260

2844363866

001.3072068 HSRC KOMM N 100

*069626*

# Vraagstukke in verband met die Referendum 1983

Navorsingsbevinding Komm N-100

# Vraagstukke in verband met die Referendum 1983

D.P. van Vuuren
Maretha de Waal

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1984

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

198 -12- -4

STANDKODE
001.3072068
HSRC KOMM N 100
BESTELNOMMER

REGISTERNOMMER
065852

D.P. van Vuuren, M.A., D.Phil., Senior Hoofnavorser
Maretha de Waal, B.A. (Hons.), Navorser

Instituut vir Kommunikasienavorsing
Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0148 1

Prys: R8,30
(AVB uitgesluit)

© 1984 Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

# VOORWOORD

'n Besondere navorsingsgeleentheid het homself voorgedoen met die aankondiging van die tweede referendum in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika: daar moes gestem word oor die implementering van 'n nuwe grondwetlike bedeling vir die RSA waardeur Blankes, Kleurlinge en Asiërs 'n driekamerparlement sou vorm.

In hierdie bevinding word vier vraagstukke rondom die referendum ondersoek. Gegewens is op 'n steekproefbasis ingesamel oor die REDES waarom mense ten gunste van of teen die nuwe bedeling is, die MEDIAGEBRUIK van die respondente, WANNEER respondente besluit het hoe hulle gaan stem en die TOEKOMSVERWAGTING van die respondente.

Die insameling van die gegewens is deur die Meningspeilingsentrum en die redigering en statistiese verwerking deur die Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste van die RGN gedoen. Erkenning vir die bydraes tot die beplanning en uitvoering van hierdie projek word ook aan dr. J.D. Venter en dr. D.P. Conradie verleen.

INHOUD


| OPSOMMING | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING, AGTERGROND EN DOEL | 1 |
| 2 | METODOLOGIE | 4 |
| 2.1 | *Steekproef* | 4 |
| 2.2 | *Die verloop van die opname* | 7 |
| 2.3 | *Die vraelys* | 8 |
| 2.4 | *Ontleding van die gegewens* | 8 |
| 3 | RESULTATE | 13 |
| 3.1 | *Inleiding* | 13 |
| 3.2 | *Aanbieding van die gegewens* | 13 |
| 3.3 | *Redes waarom 'n ja- of 'n nee-stem in die referendum uitgebring is* | 13 |
| 3.4 | *Die mediagebruik van die respondente* | 17 |
| 3.5 | *Stemgedrag* | 28 |
| 3.6 | *Toekomsverwagtinge* | 30 |
| 4 | SAMEVATTENDE BESPREKING | 35 |
| | BYLAE I | 40 |
| | BRONNELYS | 43 |

TABELLE


| NOMMER | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | STEEKPROEF | 5 |
| 2 | STEEKPROEF- EN SENSUSPERSENTASIES | 6 |
| 3 | VERGELYKING TUSSEN GEWEEGDE EN ONGEWEEGDE GEGEWENS NA AANLEIDING VAN RESPONSIES OP DIE VRAAG: WAS U 'N STEMGEREGTIGDE IN DIE REFERENDUM | 7 |
| 4 | REDES WAAROM RESPONDENTE DINK DIEGENE WAT JA IN DIE REFERENDUM GESTEM HET, WEL SO GESTEM HET | 14 |
| 5 | REDES WAAROM RESPONDENTE DINK DIEGENE WAT NEE IN DIE REFERENDUM GESTEM HET, WEL SO GESTEM HET | 15 |
| 6 | REDES WAAROM RESPONDENTE PERSOONLIK VIR OF TEEN DIE NUWE GRONDWET IS | 16 |
| 7 | FREKWENSIE WAARTEEN NA DIE AGTUUR-TELEVISIENUUS GEKYK IS | 18 |
| 8 | FREKWENSIE WAARTEEN NA NUUSFOKUS GEKYK IS | 19 |
| 9 | KOERANTE WAT DEUR DIE RESPONDENTE GELEES IS | 20 |
| 10 | WAAR DIE MEESTE BEVESTIGING OF AANSLUITING VAN STANDPUNT VERKRY IS | 21 |
| 11 | WAAR DIE MEESTE AANSLUITING OF BEVESTIGING VIR STANDPUNT VERKRY IS, VERDEEL VOLGENS WANNEER TOT 'N STEMBESLUIT GEKOM IS | 24 |
| 12 | FREKWENSIE WAARTEEN NA DIE NUUS OM AGTUUR GEKYK IS, VERDEEL VOLGENS WANNEER TOT 'N STEMBESLUIT GEKOM IS | 25 |
| 13 | FREKWENSIE WAARTEEN NA NUUSFOKUS GEKYK IS, VERDEEL VOLGENS WANNEER TOT 'N STEMBESLUIT GEKOM IS | 26 |
| 14 | EERSTE KOERANT VERDEEL VOLGENS WANNEER TOT 'N STEMBESLUIT GEKOM IS | 27 |
| 15 | WANNEER TOT 'N FINALE BESLUIT GEKOM IS | 29 |
| 16 | MENINGS VAN RESPONDENTE OOR DIE VRAAG UIT WIE DIE REGERING OOR TWINTIG JAAR SAL BESTAAN | 31 |
| 17 | RESPONDENTE SE MENING OF DIE VERWAGTE REGERING OOR TWINTIG JAAR AANVAARBAAR IS | 32 |
| 18 | MENINGS VAN RESPONDENTE OOR VERHOUDINGS TUSSEN DIE BEVOLKINGSGROEPE | 33 |

## OPSOMMING

Die politieke debat wat die 1983-referendum voorafgegaan het, is veral in die media gevoer en het op die redes gefokus waarom die kieserspubliek TEN GUNSTE VAN of TEEN die nuwe grondwetlike bedeling moet wees.

Telefoononderhoude is kort na die referendum met respondente in 'n landswye ewekansige steekproef gevoer ten einde die redes te peil waarom die publiek "ja" of "nee" in die referendum gestem het. Verder is die mediagebruik, stemgedrag en staatkundige toekomsverwagtinge van die respondente nagegaan.

Die gegewens bring aan die lig dat die nuwe grondwet deur die meeste respondente as 'n beginpunt vir hervorming beskou is wat beter rasseverhoudings en stabiliteit sal meebring. Meer as die helfte van die respondente het die ses weke voor die referendum gereeld na Nuusfokus en minstens vyf aande per week na die agtuur-nuus op televisie gekyk. Televisie is ook as die medium aangegee waar die respondente die meeste bevestiging of aansluiting vir hul standpunt oor die referendum gekry het, hoewel meer as 46 % van die respondente reeds meer as ses weke voor die referendum finaal besluit het hoe hulle gaan stem.

Wat die toekomsverwagting van die respondente betref, glo bykans 37 % dat die Regering oor twintig jaar uit Blankes, Kleurlinge, Indiërs en Swartes sal bestaan, en hulle is van mening dat dit 'n goeie ding sal wees.

## SUMMARY

The political debate that preceded the 1983 referendum was conducted mainly in the media and concentrated on the reasons why the voting public had to be IN FAVOUR OF or AGAINST the new constitutional dispensation.

Telephone interviews were conducted shortly after the referendum with respondents in a sample drawn countrywide to determine the reasons why the public voted "yes" or "no" in the referendum. In addition, the respondents' media-use, voting behaviour and political expectations for the future were assessed.

The data revealed that the majority of the respondents considered the new constitution as a basis for renewal that would bring about better race relations and stability. During the six weeks before the referendum more than half of the respondents watched News Focus regularly and they also watched the eight o'clock news on television at least five nights a week. Television was also indicated to have been the medium where the respondents obtained the best confirmation or agreement of their viewpoint regarding the referendum, but in spite of this almost 37 % of the respondents had already made a final dicision on how they would vote, six weeks before the referendum.

Regarding the respondents' expectations of the future, the majority believed that 20 years from now the Government would consist of Whites, Coloureds, Indians and Blacks and they were of the opinion that this would be a positive development.

# 1. INLEIDING, AGTERGROND EN DOEL

Die referendum van 2 November 1983 was in vele opsigte vir Suid-Afrika 'n historiese aangeleentheid. Nie alleen was dit slegs die tweede referendum in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika nie, maar daar is gestem oor 'n wesensaangeleentheid betreffende die grondwet van die land. Dit sou die eerste keer sedert 1948 wees dat die Blanke kiesers sou moes besluit of ander bevolkingsgroepe (Kleurlinge, Indiërs) in 'n nuwe staatkundige bestel in 'n gesamentlike parlement geakkommodeer mag word.

Tydens die tydperk voor die referendum het die onderskeie belangegroepe geleentheid gehad om die twee standpunte: 'n ja-stem *vir* die nuwe staatkundige bedeling, en 'n nee-stem *teen* die nuwe staatkundige bedeling deeglik te beredeneer. Uit hierdie openbare debat het dit baie gou duidelik geword dat 'n wye verskeidenheid menings ten opsigte van beide die "ja" en "nee" standpunte gehuldig is. Lever (1978) maak die stelling dat die interpretasie van 'n kruisie by die stembus veel ingewikkelder is as wat oppervlakkig waargeneem word: "Behind every 'yes' or 'no' or cross made on the paper there lies a diversity of opinions; the voter may agree with some portions of his party's programme, disagree with others and partially endorse some others" (p. 136). Vir die 1983-referendum is hierdie stelling in besonder waar. Die massamedia het in hierdie debat 'n baie belangrike rol gespeel. Die stelling dat politieke veldtogte vandag eerder deur die massamedia as deur persoonlike kontak gevoer word, is waarskynlik vir Suid-Afrika net so waar as wat sosiaal-wetenskaplikes die verband tussen die massamedia en die politieke proses in die VSA beskryf (vgl. byvoorbeeld McCombs en Shaw, 1972; Lang en Lang, 1966).

Die belangrike rol wat die massamedia in die stemgedrag van die Suid-Afrikaanse publiek speel, word nog algemeen deur al die politieke partye erken. Tog is daar weinig aanduidings van gepubliseerde empiriese studies in Suid-Afrika oor hierdie onderwerp gevind. Buitelandse navorsing oor die massamedia en politieke besluitneming is sowel in omvang as inhoud egter substansieel (vgl. byvoorbeeld Atkin, Gantz, 1980; Carlsson, Dahlberg, Rosengren, 1980).

Die 1983-referendum het 'n gulde geleentheid geskep om 'n studie van die stemgedrag van die Suid-Afrikaanse publiek, asook die rol wat die massamedia daarin speel, te maak. 'n Peiling van aangeleenthede wat met die stemgedrag van die publiek verband hou, maak dit moontlik om die agendastellende funksies van die massamedia (meer spesifiek televisie) te bestudeer, deur vergelykings te maak met dit wat gedurende die ses weke voor stemdag op televisie oor die referendum gebeeldsend is, en die publiek se stemgedrag.

Met agendastellende funksies van die massamedia word bedoel dat hoewel die massamedia 'n baie belangrike rol in die politieke beïnvloeding van mense speel, die media op 'n ander wyse hul doel bereik as wat algemeen aanvaar word. Cohen (1963) stel dit soos volg ten opsigte van die pers: ".... (the press) may not be successful much of the time in telling people what to think, but it is stunningly successful in telling its readers what to think *about*" (p. 13). Dit beteken dus dat die agendastellende funksies van die massamedia (ook televisie) die agenda vir politieke veldtogte daarstel, en die opvallendheid van houdings teenoor politieke geskilpunte beïnvloed (kyk in hierdie verband na die definisie van McCombs en Shaw 1972).

In hierdie bevinding word die resultate van 'n landwye opname wat twee weke na die referendum onderneem is, gerapporteer. Daar is na vier vraagstukke rondom die referendum gelet, naamlik

(a) die redes waarom 'n ja- of nee-stem in die referendum uitgebring is,

(b) mediagebruik van die respondente,

(c) die stemgedrag van die respondente - met ander woorde wanneer tot 'n finale besluit gekom is, en

(d) die toekomsverwagtinge van die respondente met betrekking tot die samestelling van die regering.

Die doel met hierdie studie is dus eerstens beskrywend: 'n beskrywing van die redes waarom 'n "ja"- of 'n "nee"-stem uitgebring is, die stemgedrag van die respondente, hul mediagebruik, asook hul toekomsverwagtinge. Hierdie resultate sal dan in 'n verdere ondersoek na die agendastellende funksies van die media gebruik kan word.

## 2. METODOLOGIE

Die gegewens is deur middel van 'n telefoonopname ingesamel. Die voor- en nadele van hierdie metode is vollediger in Van Vuuren, Van Deventer en Pitout (1983) bespreek. Dit kan hier slegs vermeld word dat die koste- en tydsbesparing verbonde aan 'n telefoonopname van die belangrikste voordele van hierdie metode is.

Vervolgens word 'n kort uiteensetting van die steekproef, die verloop van die opname en die vraelys gegee.

### 2.1 *Steekproef*

Die totale aantal telefoonhuurders in al die telefoongidse van die RSA is as populasie beskou. Die populasie is vervolgens na aanleiding van die 1980-bevolkingsensus in twee strata verdeel: distrikte met 'n bevolkingsyfer van ongeveer 40 000 of meer, en distrikte met 'n kleiner bevolking. Elke stratum is in gebiede verdeel wat met die telefoongidssones ooreenstem. Groter stedelike gebiede soos Johannesburg, of die Skiereiland wat oor eie telefoongidse beskik, is as afsonderlike steekproefeenhede beskou. Groter distrikte is ook as afsonderlike steekproefeenhede beskou. Nadat die telefoongidssones omskryf is, is die bevolkingsyfer vir elke gebied uitgewerk en is proporsies van elke gebied as gedeelte van die totale bevolking bereken. Aan die hand hiervan is die getal steekproefeenhede vasgestel wat uit elke telefoongids verkry moes word. 'n Steekproef van 1 216 is gebruik. Nadat die bladsye waarop die telefoonnommers wat in die steekproef opgeneem moes word, op sistematiese wyse bereken is, is op elke soveelste bladsy, volgens ewekansige beslissing, die boonste telefoonnommer in elke tweede kolom in die steekproef opgeneem. Nommers van sake-ondernemings,

openbare instellings, ensovoorts, sowel as nommers in Nie-Blanke gebiede en teenoor Nie-Blanke vanne, is oorgeslaan, en die eersvolgende bruikbare nommers is in hulle plek gebruik. Nadat kontak met 'n huishouding gemaak is, moes die telefooneerder vasstel hoeveel Blanke persone bokant die ouderdom van 18 jaar deel van die huishouding vorm. Indien daar meer as een geskikte respondent gevind is, is 'n ewekansig saamgestelde respondenttabel ("ugridu") gebruik om een respondent uit die huishouding te selekteer.

Uit die totale steekproef van 1 216 telefoonnommers, het 616 respondente gerealiseer. Die volgende uiteensetting gee 'n oorsig van die opname:

| | | |
|---|---|---|
| Ingevulde vraelyste | 616 | 50,65 % |
| Weierings | 170 | 13,98 % |
| Geen respondent beskikbaar | 132 | 10,85 % |
| Geen kontak kon gemaak word | 298 | 24,50 % |
| TOTAAL | 1 216 | 100,00 % |

Die verdeling van die gerealiseerde steekproef is die volgende:

TABEL 1

STEEKPROEF

| | Afrikaans | | Engels | | Afrikaans en Engels | | Ander | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Manlik | 156 | 46,43 | 86 | 37,23 | 10 | 24,39 | 2 | 25,00 | 254 | 41,23 |
| Vroulik | 180 | 53,57 | 145 | 62,77 | 31 | 75,61 | 6 | 75,00 | 362 | 58,77 |
| TOTAAL | 336 | 100,00 | 231 | 100,00 | 41 | 100,00 | 8 | 100,00 | 616 | 100,00 |
| DWARSPERSENTASIE | | 54,55 | | 37,50 | | 6,66 | | 1,29 | | 100,00 |

Hierdie steekproef is vervolgens met die sensusgegewens vergelyk. In die volgende tabel word slegs die randtotale gegee:

TABEL 2

STEEKPROEF- EN SENSUSPERSENTASIES

| | Afrikaanssprekendes | Engelssprekendes | Afrikaans- en Engelssprekendes en Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Steekproefpersentasies | 54,55 | 37,50 | 7,95 | 100,00 |
| Sensuspersentasies | 55,62 | 39,98 | 4,40 | 100,00 |

Aangesien die verhoudings van die steekproef nie presies ooreenstem met die betrokke sensusverhoudings nie, is die steekproef nie selfwegend nie. Om hierdie rede is gekompenseer en 'n wegingsprosedure gevolg. 'n Geweegde gemiddeld is met die volgende formule bereken: $\bar{x}_i w_i = \bar{x}_1 w_1 + \bar{x}_2 w_2 + \ldots\ldots$ waar die sensusverhouding in subpopulasie i deur wi aangedui en die ooreenstemmende gemiddelde duur $\bar{x}i$.

Die geweegde proporsies het egter so min verskil in die data gemaak dat besluit is om duidelikheidshalwe met die ongeweegde gegewens te werk. Ter illustrasie word die volgende gegewens van die geweegde en ongeweegde gegewens verskaf:

TABEL 3

VERGELYKING TUSSEN GEWEEGDE EN ONGEWEEGDE GEGEWENS NA AANLEIDING VAN RESPONSIES OP DIE VRAAG: WAS U 'N STEMGEREGTIGDE IN DIE REFERENDUM.

| | Taalverdeling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Ander | |
| | geweeg | ongeweeg | geweeg | ongeweeg | geweeg | ongeweeg |
| | % | % | % | % | % | % |
| Stemgeregtig | 99,40 | 99,40 | 93,76 | 93,93 | 94,42 | 95,92 |
| Nie stemgeregtig | 0,60 | 0,60 | 6,24 | 6,06 | 5,58 | 4,08 |

In die lig van bogenoemde kan die gegewens in hierdie ondersoek met vertroue gebruik word en as 'n weerspieëling van die menings van die Blanke populasie (18 jaar en ouer) in Suid-Afrika beskou word.

2.2 *Die verloop van die opname*

Dertig persone is gebruik om twee aande vanaf ongeveer 17 h 00 tot 20 h 00 die telefoonoproepe te maak. Ten einde te verseker dat die vrae van die vraelys op eenvormige wyse aan die respondente gestel word, is opleiding aan die telefoneerders verskaf. Tydens die opleidingsessie is die doel met die ondersoek, die spesifieke prosedure van skakeling, asook die vraelys in besonderhede behandel. Elke telefoneerder het aan die begin van die opname 'n aantal oproepverslagvorms ontvang waarop die steekproef telefoonnommers aangebring is wat gebel moes word. Die verloop van die onderhoud is hierop aangeteken. Die telefoonvraelys is verder deur die telefoneerder gedurende die onderhoud voltooi. Kontak met 'n huishouding is met 'n kort inleiding (in Afrikaans of Engels, na gelang van die taal waarmee die oproep beantwoord is) begin, volgens die vraelys (kyk bylae 1). Die antwoorde op vrae 1,2 en 14 is verbatim deur die telefoneerder op die vraelys neergeskryf.

Soos reeds in paragraaf 2.1 vermeld, is 170 (13,98 %) oproepe as weierings geklassifiseer, by 132 (10,85 %) was geen respondente van 18 jaar en ouer beskikbaar nie - ten spyte van herhaalde terugskakelings - en kon daar met 298 (27,5 %) nommers nie kontak gemaak word nie weens defekte lyne, mense wat nie tuis is nie, besettoon, ensovoorts. Gesien die potensieel sensitiewe aard van die opname, kan die verloop daarvan as bevredigend beskou word.

2.3 *Die vraelys*

'n Vraelys is opgestel vir gebruik deur die telefoneerders. Alle vrae is aan die respondent gevra, behalwe die laaste twee. In hierdie geval moes die telefoneerder meld dat die beantwoording van die laaste twee vrae opsioneel was. Die vraelys het uit 14 vrae bestaan (kyk bylae 1).

2.4 *Ontleding van die gegewens*

In die lig van die beskrywende aard van hierdie studie, is hoofsaaklik van beskrywende maatstawwe gebruik gemaak, ten einde 'n oorsigtelike beeld van die stemgedrag, mediagebruik en staatkundige toekomsverwagtinge te verkry.

Ten opsigte van vrae 1, 2 en 14 van die vraelys, waar die response van die ondervraagdes verbatim neergeskryf is, is 'n kategoriestelsel ontwikkel waarby die antwoorde kan inpas. Hiervolgens is 'n aantal temas in 10 kategorieë ingedeel: die temas konstitusionele verandering, die funksionering van die grondwet, Christelike waardes, buiteland, ekonomie en ander bevat elk argumente wat die nuwe grondwet ondersteun, verwerp en neutrale inligting verskaf. Die antwoorde van die respondente is volgens hierdie argumente gekategoriseer: 'JA' vir die grondwet of 'NEE' teen die grondwet. 'n Volledige uiteensetting van elke kategorie verskyn in Van Rooyen en Conradie (1984). Slegs 'n kort opsomming van die kategorieë word hieronder aangebied.

KATEGORIEë

1. Grondwetlike verandering

- Ja. Beginpunt vir hervorming/verandering/vooruitgang/stabiliteit/beter rasseverhoudings/evolusionêre proses van ontwikkeling/vertroue/konsensus/vrede/vreedsame naasbestaan (NP en NRP).

- Nee. Ten gunste van verandering maar nie nodig om grondwet te verander nie/nuwe grondwet struikelblok vir hervorming/moet met verantwoordelike leiers onderhandel (PFP).

- Nee. Ten gunste van verandering maar teen rigting daarvan/elke groep in sy eie tuisland/nuwe grondwet bring nie vrede nie/sal nuwe strydpunte ontketen/konflik ingebou (KP en HNP).

- Inligting, byvoorbeeld geskiedenis van ontwikkeling van grondwet/NP-beleid/tien jaar op tekenbord/breë raamwerk van grondwet.

2. Magsdeling

- Ja. Driekamerparlement, Blankes, Kleurlinge en Indiërs/nie eksklusiewe reg vir Blankes nie maar leiers op hoë vlak bymekaar/magsdeling met selfbeskikking oor eie sake en medeverantwoordelikheid oor algemene sake (NP en NRP)/nie integrasie.

- Nee. Blankes te veel mag/driekamerparlement geen magsdeling (PFP).

- Nee. Selfbeskikkingsreg is eie regering in eie tuislande vir Kleurlinge en Indiërs/soewereine Blanke parlement moet behoue bly/teen veelrassige parlement - eerste stap na integrasie (KP en HNP).

- Inligting, byvoorbeeld algemene inligting oor eie en algemene sake of oor Kleurlinge of Indiërs as groep.

3. Posisie van Swartes

- Ja. Swartes in tuislande eie regering/afsonderlike ontwikkeling/stedelike Swartes regering op plaaslike vlak (komitee aangestel om die aangeleentheid te ondersoek)/ Swartes nie by ontwerpgrondwet betrokke nie, maar wel by grondwetlike en hervormingsprosesse (NP).

- Ja. Swartes in tuislande/stedelike Swartes moet verteenwoordiging in parlement hê (NRP).

- Nee. Regstreekse Swart verteenwoordiging in een sentrale parlement saam met Kleurlinge en Indiërs/apartheid verskans in nuwe grondwet omdat Swartes uitgelaat is (PFP).

- Nee. Alle Swartes in tuislande - eie regering en onafhanklike ontwikkeling (KP en HNP).

4. President

- Ja. Geen kans om 'n diktator te wees nie/saambindende faktor.

- Nee. President te veel mag.



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

5. Menseregte

- Ja. Nie nodig om in grondwet opgeneem te word nie.

- Nee. Noodsaaklik om in grondwet opgeneem te word.

6. Ander aspekte van grondwet

- Ja. Presidentsraad/Kabinet.

- Nee. Presidentsraad/Kabinet.

7. Godsdiens

- Ja. Stem tas nie Christelike karakter aan nie/saambindende faktor.

- Nee. Verwerp grondwet op Christelike gronde.

8. Buiteland

- Ja. Positiewe invloed op buitelandse betrekkinge/regering.

- Nee. Geen verandering in buitelandse betrekkinge sal plaasvind nie.

9. Ekonomie

- Ja. Alle groepe deel in ekonomiese ontwikkeling/implementering van grondwet baie duur - alternatiewe ook duur.

- Nee. Nuwe grondwet vertraag groei (PFP, KP, HNP).

10. Algemeen

- Ja. Op persoonlike vlak.

- Nee. Op persoonlike vlak.

## 3. RESULTATE

### 3.1 *Inleiding*

Die gegewens uit die ondersoek verteenwoordig die menings van Blanke Suid-Afrikaners (telefoonbesitters, 18 jaar en ouer) ten tyde van die referendum, en gee 'n beeld van die redes waarom 'n ja- of nee-stem in die referendum uitgebring is, die mediagebruik van die respondente, wanneer tot 'n finale besluit gekom is, en die toekomsverwagtinge van die respondente.

### 3.2 *Aanbieding van die gegewens*

Die resultate van die ondersoek word in die vorm van tabelle aangebied en by elke tabel word slegs die belangrikste bevindings uitgelig en bespreek. Gevolgtrekkings wat uit die gegewens gemaak word, verskyn in paragraaf 4.

### 3.3 *Redes waarom 'n ja- of 'n nee-stem in die referendum uitgebring is*

Ten einde 'n aanduiding te kry van die redes waarom 'n ja- of 'n nee-stem in die referendum uitgebring is, is die volgende vrae aan die respondente gevra:

"Om watter redes dink u het diegene wat *ja* in die pas afgelope referendum gestem het, wel so gestem? U kan tot drie redes noem (in volgorde van belangrikheid)", en

"Om watter redes dink u het diegene wat *nee* in die pas afgelope referendum gestem het, wel so gestem? U kan weer tot drie redes noem (in volgorde van belangrikheid)."

Die antwoorde van die respondente is vervolgens gekategoriseer volgens die tien kategorieë soos in paragraaf 2.1 bespreek. Waar die respondente meer as een antwoordmoontlikheid verskaf het, is die eerste, tweede en derde antwoordmoontlikhede bymekaar getel. Die volgende resultate ten opsigte van die "ja-antwoorde" kan gerapporteer word:

TABEL 4

REDES WAAROM RESPONDENTE DINK DIEGENE WAT JA IN DIE REFERENDUM GESTEM HET, WEL SO GESTEM HET

| Rede | Aantal kere genoem | Persentasie | Rangorde |
|---|---|---|---|
| Grondwetlike verandering | 528 | 64,23 | 1 |
| Magsdeling | 131 | 15,94 | 2 |
| Algemeen | 111 | 13,50 | 3 |
| Buiteland | 22 | 2,68 | 4 |
| Posisie van Swartes | 11 | 1,34 | 5 |
| Godsdiens | 9 | 1,10 | 6 |
| Ekonomie | 8 | 0,97 | 7 |
| Ander aspekte van grondwet | 2 | 0,24 | 8 |

Dit is duidelik uit hierdie tabel dat die meerderheid respondente gemeen het dat die rede waarom diegene wat ja in die referendum gestem het, wel so gestem het, is omdat hulle meen dat dit die een of ander vorm van grondwetlike verandering gaan teweeg bring. Onder andere is die volgende gedagtes in hierdie verband deur respondente geopper: dit is 'n beginpunt in hervorming, dit skep 'n evolusionêre proses van ontwikkeling, dit sal beter rasseverhoudinge teweegbring, die grondwet is reeds tien jaar op die tekenbord en dit verteenwoordig die eindpunt van 'n geskiedenis van grondwetlike ontwikkeling.

Ten opsigte van die tweede vraag, waarom die respondent meen ander mense 'n nee-stem uitgebring het, is die volgende gerapporteer (dieselfde kategorieë is gebruik in die klassifisering van die respondente se antwoorde):

TABEL 5

REDES WAAROM RESPONDENTE DINK DIEGENE WAT NEE IN DIE REFERENDUM GESTEM HET, WEL SO GESTEM HET

| Rede | Aantal kere genoem | Persentasie | Rangorde |
|---|---|---|---|
| Magsdeling | 317 | 42,95 | 1 |
| Algemeen | 149 | 20,19 | 2 |
| Grondwetlike verandering | 147 | 19,92 | 3 |
| Posisie van Swartes | 101 | 13,69 | 4 |
| Godsdiens | 13 | 1,76 | 5 |
| Ander aspekte van die grondwet | 4 | 0,54 | 6 |
| President | 4 | 0,54 | 7 |
| Menseregte | 1 | 0,14 | 8 |
| Buiteland | 1 | 0,14 | 8 |
| Ekonomie | 1 | 0,14 | 10 |

Die belangrikste rede wat die respondente genoem het waarom hulle dink diegene wat nee gestem het, wel so gestem het, was dus magsdeling. Redes wat in hierdie verband genoem is, is dat die nuwe bedeling die eerste stap na integrasie verteenwoordig, dat 'n soewereine Blanke parlement behoue moet bly, en dat hulle teen 'n veelrassige parlement gekant is.

Dit dien hier vermeld te word dat hoewel aan die respondent gevra is waarom hy of sy dink ander mense wat ja of nee gestem het, wel so gestem het, die sielkundige beginsel van projeksie waarskynlik by sommige persone veroorsaak het dat sy of haar eie standpunt aan die ondervraer gestel is. Dit is verder betekenisvol dat baie min respondente geweier het om hierdie eerste twee vrae van die vraelys oor die telefoon te beantwoord.

Die laaste vraag in die vraelys was daarop gemik om wel die persoonlike voorkeure van die respondente ten opsigte van die referendum te peil, en dieselfde vraag as die eerste twee vrae is direk aan die respondent gestel. Die enigste (hoewel tog baie belangrike) verskil is dat die beantwoording van die vraag opsioneel was - met ander woorde die respondent kon weier om die vraag te beantwoord. Drie en twintig persent van die respondente het geweier om die vraag te beantwoord. Gegewens van die oorblywende respondente, met ander woorde diegene wat wel op die vraag geantwoord het, is die volgende:

TABEL 6

REDES WAAROM RESPONDENTE PERSOONLIK VIR OF TEEN DIE NUWE GRONDWET IS

| Rede | Aantal kere genoem | Persentasie | Rangorde |
|---|---|---|---|
| Grondwetlike verandering | 437 | 55,39 | 1 |
| Algemeen | 141 | 17,87 | 2 |
| Magsdeling | 137 | 17,36 | 3 |
| Posisie van Swartes | 29 | 3,68 | 4 |
| Buiteland | 17 | 2,16 | 5 |
| Godsdiens | 14 | 1,77 | 6 |
| President | 4 | 0,51 | 7 |
| Ander aspekte van die grondwet | 4 | 0,51 | 7 |
| Ekonomie | 4 | 0,51 | 7 |
| Menseregte | 2 | 0,25 | 10 |

By die interpretasie van hierdie resultate is dit nodig om in ag te neem dat beide ja- en nee-redes hierin geïnkorporeer is, en dat daar dus nie direkte vergelykings met vrae een en twee gemaak kan word nie. By persoonlike redes is die kwessie van verandering

weer vooropgestel, en is die redes waarom ja gestem is, onder andere dat die grondwet 'n beginpunt vir hervorming is, tot beter rasseverhoudinge mag lei, vrede en vreedsame naasbestaan tot gevolg mag hê en stabiliteit sal teweeg bring. Diegene wat teen die grondwet gekant is, het vermeld dat hulle ten gunste van verandering is, maar dat dit nie nodig is om die grondwet te verander nie, dat die nuwe grondwet 'n struikelblok vir hervorming is, dat die rigting van verandering ongewens is, en dat die nuwe grondwet strydpunte sal ontketen.

Opsommenderwys kan dus vermeld word dat die respondente in hierdie ondersoek verandering en magsdeling as belangrike onderwerpe beskou het waaroor die verskillende standpunte ten opsigte van die referendum van 1983 gedebatteer is.

3.4 *Die mediagebruik van die respondente*

Wat die mediagebruik van die respondente betref, is na vier aspekte gelet, naamlik die frekwensie waarteen na die agtuur-nuus op televisie en die program Nuusfokus gekyk is, watter koerante gelees is en in watter medium die respondent die meeste aansluiting of bevestiging vir sy/haar standpunt ten opsigte van die referendum gevind het.

(a) Frekwensie waarteen na die agtuur-nuus op televisie gekyk is

Volgens die jongste syfers van die SAUK, gebaseer op die drie maandelikse opnames deur Market Research Africa, word die grootte van die Blanke gehoor wat op 'n Dinsdag na die agtuurnuus op televisie kyk, op 2,8 miljoen gestel. Hierdie syfer verteenwoordig dan ook die gemiddelde piek-kyktyd op televisie

gedurende die week. Dit moet in gedagte gehou word dat hoewel die grootte van die kykertal redelik konstant is, dit 'n veranderende getal is, en dat dit nie dieselfde mense is wat aand vir aand kyk nie: 'n deel van die kykers val weg, en 'n deel kom by. Die 616 respondente wat aan die onderhawige ondersoek deelgeneem het, het soos volg gereageer op die vraag: "Hoe dikwels het u die afgelope paar weke gewoonlik na die agtuur-nuus op televisie gekyk - dus hoeveel aande per week het u gewoonlik nuus gekyk?"

TABEL 7

FREKWENSIE WAARTEEN NA DIE AGTUUR-TELEVISIENUUS GEKYK IS

| | Taalverdeling* | | | | Geslagsverdeling | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Geen | 27 | 8,04 | 24 | 10,39 | 19 | 7,48 | 32 | 8,84 | 51 | 8,28 |
| Een aand per week | 18 | 5,36 | 15 | 6,49 | 15 | 5,91 | 20 | 5,53 | 35 | 5,68 |
| Twee aande per week | 23 | 6,85 | 20 | 8,66 | 19 | 7,48 | 28 | 7,74 | 47 | 7,63 |
| Drie aande per week | 36 | 10,71 | 33 | 14,29 | 33 | 12,99 | 42 | 11,60 | 75 | 12,18 |
| Vier aande per week | 28 | 8,33 | 24 | 10,39 | 22 | 8,66 | 34 | 9,39 | 56 | 9,09 |
| Vyf aande per week | 35 | 10,42 | 25 | 10,82 | 22 | 8,66 | 39 | 10,77 | 61 | 9,90 |
| Ses aande per week | 35 | 10,42 | 20 | 8,66 | 31 | 12,21 | 32 | 8,84 | 63 | 10,23 |
| Sewe aande per week | 134 | 39,83 | 70 | 30,30 | 93 | 36,61 | 135 | 37,29 | 228 | 37,01 |
| TOTAAL | 336 | 100,00 | 231 | 100,00 | 254 | 100,00 | 362 | 100,00 | 616 | 100,00 |

Meer as 'n derde van die respondente het vermeld dat hulle gewoonlik elke aand na die agtuur-nuus op televisie kyk, terwyl die res van die groep redelik egalig verspreid is van geen aand na ses aande per week. Die taal- en geslagsverskille wat wel voorkom, is klein.

*Respondente wat vermeld het dat hulle huistaal beide Afrikaans en Engels, of 'n ander taal is, is buite rekening gelaat.

(b) <u>Frekwensie waarteen na die program Nuusfokus gekyk is</u>

Nuusfokus is 'n aktualiteitsprogram waarin onderwerpe oor sake van die dag bespreek word. Dit word net na die agt-uur-nuus in die aand gebeeldsend. Tydens die weke voor die referendum, is verskillende debatspunte oor die referendum in hierdie program behandel. Volgens die SAUK was die kyksyfers vir hierdie program gedurende die weke voor die referendum 2,2 miljoen (op 'n Donderdag).

In die ondersoek het die respondente soos volg gereageer op die vraag hoeveel aande per week gedurende die voorafgaande weke na Nuusfokus gekyk is:

TABEL 8
FREKWENSIE WAARTEEN NA NUUSFOKUS GEKYK IS

| | Taalverdeling* | | | | Geslagsverdeling | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Geen | 47 | 13,99 | 74 | 32,03 | 46 | 18,10 | 80 | 22,10 | 126 | 20,45 |
| Een aand per week | 41 | 12,20 | 32 | 13,85 | 35 | 13,78 | 47 | 12,98 | 82 | 13,31 |
| Twee aande per week | 44 | 13,10 | 43 | 18,61 | 39 | 15,35 | 54 | 14,92 | 93 | 15,10 |
| Drie aande per week | 55 | 16,37 | 28 | 12,12 | 33 | 12,99 | 59 | 16,30 | 92 | 14,94 |
| Vier aande per week | 149 | 44,35 | 54 | 23,38 | 101 | 39,76 | 122 | 33,70 | 223 | 36,20 |
| TOTAAL | 336 | 100,00 | 231 | 100,00 | 254 | 100,00 | 362 | 100,00 | 616 | 100,00 |

Dit is duidelik dat die verskille tussen die mans en vroue nie baie groot is nie, maar dat daar ten opsigte van taalverdeling opsigtelike verskille voorkom. Die Afrikaanssprekende respondente is meer gereelde kykers na die program Nuusfokus as Engelssprekende respondente. Net meer as die

*Respondente wat vermeld het dat hulle huistaal beide Afrikaans en Engels, of 'n ander taal is, is hier buite rekening gelaat.

helfte van hierdie respondente het drie aande per week en meer na die program gekyk.

(c) Watter koerante gelees is

Drie-en-dertig verskillende koerante is deur die respondente genoem, maar die koerante wat die meeste genoem is, is die dagblaaie *The Star* en *Beeld*, en die Sondagkoerante *Rapport* en *Sunday Times* (kyk tabel).

TABEL 9

KOERANTE WAT DEUR DIE RESPONDENTE GELEES IS

| | N | % |
|---|---|---|
| Geen respons | 19 | 3,08 |
| Lees geen koerant | 49 | 7,96 |
| The Argus | 19 | 3,08 |
| The Cape Times | 16 | 2,60 |
| The Citizen | 25 | 4,06 |
| Daily Dispatch | 9 | 1,46 |
| Daily News | 22 | 3,57 |
| Eastern Province Herald | 10 | 1,62 |
| Evening Post | 3 | 0,49 |
| The Friend | 5 | 0,81 |
| The Natal Mercury | 13 | 2,11 |
| The Natal Witness | 6 | 0,97 |
| Pretoria News | 10 | 1,62 |
| Rand Daily Mail | 14 | 2,27 |
| The Star | 68 | 11,04 |
| Beeld | 77 | 12,50 |
| Die Burger | 50 | 8,12 |
| Die Oosterlig | 10 | 1,62 |
| Die Transvaler | 5 | 0,81 |
| Die Vaderland | 30 | 4,87 |
| Die Volksblad | 38 | 6,17 |
| Sunday Times | 25 | 4,06 |
| Sunday Tribune | 3 | 0,49 |
| Rapport | 57 | 9,25 |
| Streekskoerante | 20 | 3,25 |
| Alle ander koerante | 13 | 2,11 |
| TOTAAL | 616 | 100,00 |

(d) In watter medium die meeste aansluiting of bevestiging vir sy/haar standpunt oor die referendum gevind is

Ten einde vas te stel watter rol die verskillende media in die referendumdebat gespeel het, is aan die respondente gevra waar die meeste aansluiting of bevestiging vir hulle standpunt gekry is. Die resultate is die volgende:

TABEL 10

WAAR DIE MEESTE BEVESTIGING OF AANSLUITING VAN STANDPUNT VERKRY IS

| | Taalverdeling* | | | | Geslagsverdeling | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Koerante | 37 | 11,01 | 37 | 16,02 | 48 | 18,90 | 31 | 8,56 | 79 | 12,82 |
| Televisie | 155 | 46,13 | 82 | 35,50 | 97 | 38,19 | 160 | 44,20 | 257 | 41,72 |
| Radio | 5 | 1,49 | 5 | 2,16 | 3 | 1,18 | 7 | 1,93 | 10 | 1,62 |
| Politieke vergaderings | 26 | 7,74 | 7 | 3,03 | 14 | 5,51 | 19 | 5,25 | 33 | 5,36 |
| Persoonlike gesprekke | 75 | 22,32 | 53 | 22,94 | 52 | 20,47 | 91 | 25,14 | 143 | 23,21 |
| Plakkate | 4 | 1,19 | 4 | 1,73 | 4 | 1,57 | 5 | 1,38 | 9 | 1,46 |
| Nvt. | 34 | 10,12 | 43 | 6,10 | 36 | 14,17 | 49 | 13,54 | 85 | 13,80 |
| TOTAAL | 336 | 100,00 | 231 | 100,00 | 254 | 100,00 | 362 | 100,00 | 616 | 100,00 |

Dit is duidelik dat televisie die medium is waarby die meeste aansluiting vir standpunte oor die referendum verkry is, hoewel die persentasie vir Afrikaanssprekendes en ook dié vir vroue hoër was as onderskeidelik dié van die Engelssprekendes,

*Respondente wat vermeld het dat hulle huistaal beide Afrikaans en Engels, of 'n ander taal is, is buite rekening gelaat.

en dié van die mans. Persoonlike gesprekke het die tweede grootste rol in hierdie verband gespeel.

Samevattend kan genoem word dat wat die gebruik van massamedia betref, meer as die helfte van die respondente vyf aande 'n week en meer na die televisienuus om agtuur die aand kyk, dat Afrikaanssprekende respondente meer gereelde kykers na die program Nuusfokus/News Focus is en dat *Beeld* en *The Star* as weekblaaie en *Rapport* en *Sunday Times* as Sondagkoerante in groter mate as die ander nuusblaaie as leesstof genoem is. Dit is interessant dat die meerderheid respondente (bykans 42 %) genoem het dat televisie die medium is waar hulle die meeste bevestiging of aansluiting vir hul standpunt oor die referendum verkry het. Dit wil dus voorkom of die inligtingsfunksie van televisie tydens die referendum in groter mate as die ander media uitgekristalliseer het.

Ten einde 'n aanduiding te kry van die rol wat die massamedia, soos in die voorafgaande paragrawe bespreek, in die stemgedrag van die respondente gespeel het, is response op die vraag: "Afgesien van hoe u gestem het, wanneer het u finaal tot u besluit gekom?" as verdeler gebruik. Die resultate word vervolgens kortliks bespreek. Daar word weer eens verwys na die vier aspekte van massamedia wat hierbo bespreek is, naamlik die frekwensie waarteen na die agtuurnuus op televisie en die program Nuusfokus gekyk is, watter koerante gelees is, en in watter medium die respondent die meeste aansluiting of bevestiging vir sy/haar standpunt ten opsigte van die referendum gevind het.

Ter wille van kontinuïteit word die laaste genoemde aspek eerste bespreek.

Soos reeds genoem, is televisie die massamedium waarby die meeste aansluiting vir standpunte verkry is. In tabel 11 kan 'n aanduiding verkry word van hoe hierdie gegewens verband hou met wanneer die kieser tot 'n besluit oor die referendum gekom het.

In die eerste plek moet daarop gewys word dat bykans die helfte van die respondente reeds meer as ses weke voor die referendum besluit het hoe hulle gaan stem. Nege-en-dertig persent van hierdie subgroep het die grootste aansluiting vir hul standpunt by televisie verkry. Die tweede hoogste persentasie, 23,08 %, is ook soos by die totale groep (kyk tabel 10) dié by persoonlike gesprekke. Tog wil dit voorkom of koerante by hierdie groep kiesers - die sekeres - 'n groter rol as by enige ander groep moes gespeel het: vergelyk die meer as vyftien persent in dié verband met dié van 6,9 % tot 13,40 % van die ander subgroepe.

Televisie en persoonlike gesprekke het deurgaans by al die verdelings die belangrikste rol gespeel. Dit is verder opvallend watter belangrike rol persoonlike gesprekke, 31,68 %, gespeel het by dié respondente wat hul besluit twee tot ses weke voor die referendum geneem het. Verder is gevind dat die groep wat die meeste aansluiting vir hul standpunt by televisie gekry het, die groep is wat twee weke voor referendumdag tot 'n finale besluit gekom het (52,58 % teenoor 37,93 % tot 44,74 % van die ander groep).

'n Tweede aspek waarna daar met tyd van stembesluit as verdeler gelet word, is die frekwensie waarteen na die agtuur-nuus op televisie gekyk is. Hierdie gegewens word in tabel 12 vervat.

## TABEL 11

## WAAR DIE MEESTE AANSLUITING OF BEVESTIGING VIR STANDPUNT VERKRY IS VERDEEL VOLGENS WANNEER TOT 'N STEMBESLUIT GEKOM IS

| | Nie stemgeregtig | | Nie tot besluit gekom | | Referendumdag | | 2 weke voor referendum | | 2-6 weke voor referendum | | Meer as 6 weke voor referendum | | Onseker wanneer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Koerante | 0 | - | 2 | 6,90 | 7 | 9,21 | 13 | 13,40 | 12 | 11,80 | 43 | 15,03 | 2 | 22,22 |
| Televisie | 0 | - | 11 | 37,93 | 34 | 44,74 | 51 | 52,58 | 45 | 44,55 | 112 | 39,16 | 4 | 44,44 |
| Radio | 0 | - | 0 | 0,00 | 1 | 1,32 | 2 | 2,06 | 0 | 0,00 | 7 | 2,45 | 0 | 0,00 |
| Politieke vergaderings | 0 | - | 0 | 0,00 | 2 | 2,63 | 4 | 4,12 | 9 | 8,91 | 17 | 5,94 | 1 | 11,11 |
| Persoonlike gesprekke | 0 | - | 3 | 10,34 | 20 | 20,32 | 22 | 22,68 | 32 | 31,68 | 66 | 23,08 | 0 | 0,00 |
| Plakkate | 0 | - | 0 | 0,00 | 2 | 2,63 | 1 | 1,03 | 1 | 0,99 | 5 | 1,75 | 0 | 0,00 |
| Nie van toepassing | 18 | - | 13 | 44,83 | 10 | 13,16 | 4 | 4,12 | 2 | 1,98 | 36 | 12,59 | 2 | 22,22 |
| TOTAAL | 18 | - | 29 | 100,00 | 76 | 100,00 | 97 | 100,00 | 101 | 100,00 | 286 | 100,00 | 9 | 100,00 |
| Dwarspersentasies | | 2,92 | | 4,70 | | 12,33 | | 15,74 | | 16,39 | | 46,42 | | 1,46 |

TABEL 12

FREKWENSIE WAARTEEN NA DIE NUUS OM AGTUUR GEKYK IS, VERDEEL VOLGENS WANNEER TOT 'N STEMBESLUIT GEKOM IS

| | Nie stemgeregtig nie | | Nie tot besluit gekom | | Referendumdag | | 2 weke voor referendum | | 2-6 weke voor referendum | | Meer as 6 weke voor referendum | | Onseker wanneer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Geen aand | 1 | 5,56 | 2 | 6,90 | 11 | 14,47 | 7 | 7,22 | 4 | 3,96 | 25 | 8,74 | 1 | 11,11 |
| Een aand per week | 0 | 0,00 | 4 | 13,79 | 9 | 11,84 | 5 | 5,15 | 7 | 6,93 | 10 | 3,50 | 0 | 0,00 |
| Twee aande per week | 2 | 11,11 | 3 | 10,34 | 5 | 6,58 | 10 | 10,31 | 10 | 9,90 | 17 | 5,94 | 0 | 0,00 |
| Drie aande per week | 3 | 16,67 | 3 | 10,34 | 10 | 13,16 | 13 | 13,40 | 14 | 13,86 | 32 | 11,19 | 0 | 0,00 |
| Vier aande per week | 2 | 11,11 | 2 | 6,90 | 4 | 5,26 | 6 | 6,19 | 9 | 8,91 | 32 | 11,19 | 1 | 11,11 |
| Vyf aande per week | 1 | 5,56 | 2 | 6,90 | 7 | 9,21 | 9 | 9,28 | 15 | 14,85 | 27 | 9,44 | 0 | 0,00 |
| Ses aande per week | 0 | 0,00 | 2 | 6,90 | 8 | 10,53 | 12 | 12,37 | 15 | 14,85 | 26 | 9,09 | 0 | 0,00 |
| Sewe aande per week | 9 | 50,00 | 11 | 37,93 | 22 | 28,95 | 35 | 36,08 | 27 | 26,73 | 117 | 40,91 | 7 | 77,78 |
| TOTAAL | 18 | 100,00 | 29 | 100,00 | 76 | 100,00 | 97 | 100,00 | 101 | 100,00 | 286 | 100,00 | 9 | 100,00 |
| Dwarspersentasies | | 2,92 | | 4,70 | | 12,33 | | 15,74 | | 16,39 | | 46,42 | | 1,46 |

TABEL 13

FREKWENSIE WAARTEEN NA NUUSFOKUS GEKYK IS, VERDEEL VOLGENS WANNEER TOT 'N STEMBESLUIT GEKOM IS

| | Nie stemgeregtig | | Nie tot besluit gekom | | Referendumdag | | 2 weke voor referendum | | 2-6 weke voor referendum | | Meer as 6 weke voor referendum | | Onseker wanneer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Geen aand | 3 | 16,67 | 8 | 27,59 | 27 | 35,53 | 17 | 17,53 | 22 | 21,78 | 46 | 16,08 | 3 | 33,33 |
| Een aand per week | 3 | 16,67 | 6 | 20,69 | 9 | 11,84 | 11 | 11,34 | 18 | 17,82 | 35 | 12,24 | 0 | 0,00 |
| Twee aande per week | 3 | 16,67 | 4 | 13,79 | 11 | 14,47 | 19 | 19,59 | 13 | 12,87 | 43 | 15,03 | 0 | 0,00 |
| Drie aande per week | 2 | 11,11 | 3 | 10,34 | 12 | 15,79 | 16 | 16,49 | 19 | 18,81 | 40 | 13,99 | 0 | 0,00 |
| Vier aande per week | 7 | 38,89 | 8 | 27,59 | 17 | 22,57 | 34 | 35,05 | 29 | 28,71 | 122 | 42,66 | 6 | 66,67 |
| TOTAAL | 18 | 100,00 | 29 | 100,00 | 76 | 100,00 | 97 | 100,00 | 101 | 100,00 | 286 | 100,00 | 9 | 100,00 |

TABEL 14

EERSTE KEUSE KOERANT VERDEEL VOLGENS WANNEER TOT 'N STEMBESLUIT GEKOM IS

| | Nie stemgeregtig nie | | Nie tot besluit gekom | | Referendumdag | | 2 weke voor referendum | | 2-6 weke voor referendum | | Meer as 6 weke voor referendum | | Onseker wanneer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Geen respons | | | | | 4 | 5,26 | | | 3 | 2,97 | 12 | 4,20 | | |
| Geen koerant | 2 | 11,11 | 4 | 13,79 | 9 | 11,84 | 5 | 5,15 | 7 | 6,93 | 21 | 7,34 | 1 | 11,11 |
| The Argus | | | 3 | 10,35 | 2 | 2,63 | 4 | 4,12 | 6 | 5,94 | 4 | 1,40 | | |
| The Cape Times | | | 1 | 3,44 | 2 | 2,63 | 3 | 3,09 | 2 | 1,98 | 7 | 2,45 | 1 | 11,11 |
| The Citizen | 3 | 16,66 | | | 4 | 5,26 | 5 | 5,15 | 6 | 5,94 | 7 | 2,45 | | |
| Daily Dispatch | | | 1 | 3,44 | | | | | 4 | 3,96 | 3 | 1,05 | 1 | 11,11 |
| Daily News | | | 1 | 3,44 | 3 | 3,95 | 6 | 6,18 | 6 | 5,94 | 6 | 2,10 | | |
| Eastern Province Herald | | | 1 | 3,44 | 2 | 2,63 | 1 | 1,03 | 4 | 3,96 | 2 | 0,70 | | |
| Evening Post | | | | | | | 1 | 1,03 | | | 2 | 0,70 | 1 | 11,11 |
| The Friend | | | | | 1 | 1,32 | | | 1 | 0,99 | 2 | 0,70 | | |
| The Natal Mercury | 2 | 11,11 | 1 | 3,44 | 2 | 2,63 | | | 3 | 2,97 | 5 | 1,75 | | |
| The Natal Witness | | | 1 | 3,44 | 1 | 1,32 | 1 | 1,03 | 1 | 0,99 | 2 | 0,70 | | |
| Pretoria News | 1 | 5,55 | | | | | 4 | 4,12 | | | 5 | 1,75 | | |
| Rand Daily Mail | 1 | 5,55 | 1 | 3,44 | | | 2 | 2,06 | 4 | 3,96 | 6 | 2,10 | | |
| The Star | 5 | 27,77 | 3 | 10,35 | 10 | 13,16 | 10 | 10,30 | 10 | 9,90 | 29 | 10,14 | 1 | 11,11 |
| Beeld | 1 | 5,55 | 2 | 6,89 | 9 | 11,84 | 17 | 17,52 | 8 | 7,92 | 39 | 13,64 | 1 | 11,11 |
| Die Burger | | | 2 | 6,89 | 6 | 7,89 | 6 | 6,18 | 6 | 5,94 | 30 | 10,49 | | |
| Die Oosterlig | | | | | 4 | 5,26 | 3 | 3,09 | | | 3 | 1,05 | | |
| Die Transvaler | | | | | 2 | 2,63 | | | | | 3 | 1,05 | | |
| Die Vaderland | | | | | 3 | 3,95 | 4 | 4,12 | 3 | 2,97 | 20 | 6,99 | | |
| Die Volksblad | | | 2 | 6,89 | 1 | 1,32 | 4 | 4,12 | 8 | 7,92 | 22 | 7,69 | 1 | 11,11 |
| Sunday Times | 2 | 11,11 | 1 | 3,44 | 4 | 5,26 | 8 | 8,24 | 4 | 3,96 | 6 | 2,10 | | |
| Sunday Tribune | | | 1 | 3,44 | | | 2 | 2,06 | | | | | | |
| Rapport | | | 2 | 6,89 | 5 | 6,58 | 5 | 5,15 | 7 | 6,93 | 38 | 13,29 | 2 | 22,22 |
| Streekskoerante | | | 2 | 6,89 | | | 3 | 3,09 | 6 | 5,94 | 7 | 2,45 | | |
| Alle ander koerante | 1 | 5,55 | | | 2 | 2,63 | 3 | 3,09 | 2 | 1,98 | 5 | 1,75 | | |
| TOTAAL | 18 | 100,00 | 29 | 100,00 | 76 | 100,00 | 97 | 100,00 | 101 | 100,00 | 286 | 100,00 | 9 | 100,00 |

Soos by die bespreking van tabel 7 vermeld, het meer as 'n derde van die steekproef vermeld dat hulle elke aand na die agtuur-nuus op televisie kyk. Oor die algemeen blyk dit uit die gegewens van tabel 12 dat diegene wat nie reeds meer as ses weke voor die referendum tot 'n besluit gekom het nie minder getroue nuuskykers is as diegene wat meer as ses weke voor die referendum wel 'n besluit geneem het. Dit moet in gedagte gehou word dat laasgenoemde groep kiesers byna die helfte van die steekproef (46,4 %) verteenwoordig.

Uit tabel 13 is dit duidelik dat daar behalwe vir enkele uitsonderings, nie groot verskille voorkom in die kyk na die program Nuusfokus en wanneer tot 'n stembesluit gekom is nie. Die meer noemenswaardige uitsondering kom by diegene voor wat reeds meer as ses weke voor die referendum tot 'n besluit gekom het. Hierdie groep kan as van die getrouste kykers na Nuusfokus beskryf word.

Ten opsigte van die lees van koerante is dit interessant dat die respondente 'n wye verskeidenheid koerante as eerste keuse genoem het, maar dat daar eintlik baie min verskille in die gegewens voorkom as dit verdeel word volgens wanneer tot 'n stembesluit gekom is.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat televisie as massakommunikasiemedium 'n baie belangrike rol in die mediagebruik van die respondente gespeel het. In watter mate dit 'n agendastellende funksie vervul, word in 'n volgende ondersoek nagegaan.

## 3.5 STEMGEDRAG

Die stemgedrag van die respondente is deur middel van drie vrae ondersoek. Die vrae handel daaroor of die respondente 'n stemgeregtigde is, of die respondent gestem het, en wanneer die respondent tot 'n finale stembesluit gekom het.

Ten einde 'n aanduiding te kry van wanneer die respondente tot 'n finale besluit gekom het oor 'n "Ja"- of "Nee"-stem is die volgende vraag aan hulle gevra:

"Afgesien van hoe u gestem het, wanneer het u finaal tot u besluit gekom?" Die resultate is die volgende:

TABEL 15

WANNEER TOT 'N FINALE BESLUIT GEKOM IS

| | Taalverdeling* | | | | Geslagsverdeling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Mans | | Vroue | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Nie stemgeregtig | 2 | 0,59 | 14 | 6,06 | 8 | 3,15 | 10 | 2,76 | 18 | 2,92 |
| Nie tot besluit gekom | 12 | 3,57 | 12 | 5,20 | 6 | 2,36 | 23 | 6,35 | 29 | 4,71 |
| Op referendumdag | 37 | 11,01 | 33 | 14,29 | 23 | 9,06 | 53 | 14,64 | 76 | 12,34 |
| Die twee weke voor | 46 | 13,69 | 40 | 17,32 | 33 | 12,99 | 64 | 17,68 | 97 | 15,75 |
| Ongeveer 2-6 weke voor | 43 | 12,80 | 50 | 21,65 | 41 | 16,14 | 60 | 16,58 | 101 | 16,40 |
| Meer as 6 weke voor | 190 | 56,55 | 80 | 34,63 | 139 | 54,72 | 147 | 40,61 | 286 | 46,43 |
| Nie seker nie | 6 | 1,79 | 2 | 0,87 | 4 | 1,58 | 5 | 1,38 | 9 | 1,46 |
| TOTAAL | 336 | 100,00 | 231 | 100,00 | 254 | 100,00 | 362 | 100,00 | 616 | 100,00 |

Dit is duidelik dat bykans die helfte van die persone wat ondervra is, meer as ses weke voor die referendum reeds besluit het hoe hulle gaan stem.

Van die mans het net minder as 55 % meer as ses weke voor die referendum besluit wat hulle stem gaan wees, terwyl 40,6 % van die vroue dieselfde vermeld het. Daar is ook taalverskille: 56,55 % van die Afrikaanssprekendes teenoor 34,63 % Engelssprekendes het meer as ses weke voor stemdag reeds 'n besluit geneem. By

*Respondente wat vermeld het dat hulle huistaal beide Afrikaans en Engels, of 'n ander taal is, is buite rekening gelaat.

diegene wat in die ses weke voor die referendum tot 'n besluit gekom het, is daar meer vroue, asook meer Engelssprekendes ingesluit. Dit is verder interessant dat daar by die groep wat nie tot 'n besluit kon kom nie, heelwat meer vroue, maar ewe veel Afrikaans- en Engelssprekendes ingesluit is.

In die steekproef is 18 persone geskakel wat nie stemgeregtig is nie (8 mans en 10 vroue). Ten einde die sogenaamde "wegblystem" te peil, is aan (alle) respondente gevra: "Indien u 'n stemgeregtigde vir die afgelope referendum was, het u toe gestem?" Slegs 19 stemgeregtigdes of 3,08 % van die steekproef wou nie die vraag beantwoord nie. Van die oorblywende 579 respondente (18 respondente was nie-stemgeregtig nie) het 88,6 % gemeld dat hulle gaan stem het, terwyl 11,4 % weggebly het.

## 3.6 TOEKOMSVERWAGTINGE

Die toekomsvisie van die respondente is gepeil deur vrae oor die etniese samestelling van die regering oor twintig jaar, asook of verhoudings tussen die bevolkingsgroepe gaan verbeter of versleg. Die eerste vraag lui soos volg:

"Uit wie dink u sal die regering bestaan waaronder u en u familie oor 20 jaar sal leef?"

Die resultate wat verkry is, is die volgende:

## TABEL 16

### MENINGS VAN RESPONDENTE OOR DIE VRAAG UIT WIE DIE REGERING OOR TWINTIG JAAR SAL BESTAAN

| | Taalverdeling* | | | | Geslagsverdeling | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Net Blankes | 57 | 16,96 | 24 | 10,39 | 43 | 16,93 | 48 | 13,26 | 91 | 14,77 |
| Net Swartes | 19 | 5,65 | 10 | 4,33 | 15 | 5,91 | 15 | 4,14 | 30 | 4,87 |
| Blankes, Indiërs en Kleurlinge | 80 | 23,81 | 40 | 17,32 | 58 | 22,83 | 71 | 19,61 | 129 | 20,94 |
| Kleurlinge, Swartes en Indiërs | 9 | 2,68 | 4 | 1,73 | 9 | 3,54 | 8 | 2,21 | 17 | 2,76 |
| Indiërs, Blankes, Kleurlinge en Swartes | 111 | 33,04 | 98 | 42,42 | 89 | 35,04 | 136 | 37,57 | 225 | 36,53 |
| Weet nie | 60 | 17,86 | 55 | 23,81 | 40 | 15,75 | 84 | 23,20 | 124 | 20,13 |
| TOTAAL | 336 | 100,00 | 231 | 100,00 | 254 | 100,00 | 362 | 100,00 | 616 | 100,00 |

Dit is duidelik dat die grootste enkele persentasie (36,53 %) van die respondente van mening was dat die regering uit Indiërs, Blankes, Kleurlinge en Swartes sal bestaan. Meer Engelssprekendes as Afrikaanssprekendes het ook hierdie mening gehuldig (42,42 % teenoor 33,04 %). Daarteenoor was meer Engelssprekendes (23,81 %) as Afrikaanssprekendes (17,86 %) onseker oor die

*Respondente wat vermeld het dat hulle huistaal beide Afrikaans en Engels, of 'n ander taal is, is buite rekening gelaat.

etniese samestelling van die regering oor twintig jaar. Meer vroue as mans het ook onseker gevoel (23,20 % teenoor 15,75 %).

Ten einde die respondente se algemene gevoel oor die toekoms na te gaan, is die volgende vraag vervolgens aan hulle gevra: "Dink u dit (bogenoemde) sal 'n goeie ding wees?" (Die bogenoemde verwys na die antwoorde op die vorige vraag). Die resultate sien soos volg daaruit:

TABEL 17

RESPONDENTE SE MENING OF DIE VERWAGTE REGERING OOR TWINTIG JAAR AANVAARBAAR IS

| | Taalverdeel* | | | | Geslagsverdeling | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Ja (aanvaarbaar) | 167 | 49,70 | 124 | 53,68 | 142 | 55,91 | 178 | 49,17 | 320 | 51,95 |
| Nee (onaanvaarbaar) | 78 | 23,22 | 29 | 12,55 | 57 | 22,44 | 58 | 16,02 | 115 | 18,67 |
| Nie van toepassing** | 60 | 17,85 | 55 | 23,81 | 40 | 15,75 | 84 | 23,20 | 124 | 20,13 |
| Weet nie | 31 | 9,23 | 23 | 9,96 | 15 | 5,90 | 42 | 11,61 | 57 | 9,25 |
| TOTAAL | 336 | 100,00 | 231 | 100,00 | 254 | 100,00 | 362 | 100,00 | 616 | 100,00 |

Net meer as die helfte van die ondervraagdes het gemeen dat die etniese samestelling van die regering oor twintig jaar 'n "goeie ding" sal wees. Byna tien persent was onseker. Die taal- en geslagverskille was egter nie baie groot nie. Heelwat meer vroue as mans het onseker gevoel en nie geweet of dit 'n goeie ding is nie (11,61 % teenoor 5,90 %).

*Respondente wat vermeld het dat hulle huistaal beide Afrikaans en Engels, of 'n ander taal is, is buite rekening gelaat.

**Respondente wat by die vorige vraag (tabel 16) 'weet nie' geantwoord het.

Die laaste vraag wat met die toekomsverwagtinge van die respondente verband hou, is:

"Dink u dat verhoudings tussen die verskillende bevolkingsgroepe nou gaan verbeter/versleg/dieselfde bly?"

Daar is soos volg gereageer:

TABEL 18

MENINGS VAN RESPONDENTE OOR VERHOUDINGS TUSSEN DIE BEVOLKINGSGROEPE

| | Taalverdeling* | | | | Geslagsverdeling | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Verbeter | 202 | 60,12 | 131 | 56,71 | 155 | 61,02 | 207 | 57,18 | 362 | 58,77 |
| Versleg | 53 | 15,77 | 29 | 12,55 | 40 | 15,75 | 45 | 12,43 | 85 | 13,80 |
| Dieselfde bly | 38 | 11,31 | 40 | 17,32 | 34 | 13,39 | 47 | 12,98 | 81 | 13,15 |
| Weet nie | 43 | 12,80 | 31 | 13,42 | 25 | 9,84 | 63 | 17,40 | 88 | 14,29 |
| TOTAAL | 336 | 100,00 | 231 | 100,00 | 254 | 100,00 | 362 | 100,00 | 616 | 100,00 |

Uit tabel 15 is dit duidelik dat die meerderheid van die ondervraagdes van mening was dat die verhoudings tussen die verskillende bevolkingsgroepe na die referendum gaan verbeter (58,77 %). Dit wil voorkom of meer Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes sodanige mening huldig en dat meer mans as vroue ook so voel. Interessant is ook die verskynsel dat meer Engelssprekendes as Afrikaanssprekendes (17,32 % teenoor 11,31 %) meen dat die verhouding dieselfde gaan bly.

Dit beteken dus dat wat die toekomsverwagtinge van die respondente betref, die grootste enkele groep (bykans 37 %) van mening is dat die

*Respondente wat vermeld het dat hulle huistaal beide Afrikaans en Engels, of 'n ander taal is, is buite rekening gelaat.

regering oor twintig jaar sal bestaan uit Blankes, Kleurlinge, Indiërs en Swartes, dat die verwagting oor die toekomstige regering aanvaarbaar is, en dat die verhoudings tussen die onderskeie bevolkingsgroepe gaan verbeter.

## 4. SAMEVATTENDE BESPREKING

Oor die redes waarom die stemgeregtigdes in die RSA ja of nee in die referendum gestem het, is reeds baie gespekuleer. Na gelang van die politieke standpunt van die kommentator, is 'n verskeidenheid verklarings aan die finale uitslag van die referendum gegee. Lever (1978) gee 'n interessante ontleding van die verskillende verklarings van die algemene verkiesing van 1977. Volgens hom het groot getalle ondersteuners van die opposisiepartye die eerste minister gesteun in sy siening dat Suid-Afrikaners nie buitelandse inmenging sal duld nie (kyk p. 137). Soos vroeër vermeld, kon egter geen empiriese ondersoeke wat spesifiek op bogenoemde redes in Suid-Afrika ingaan, gevind word nie. Daarom het die besondere resultate van hierdie ondersoek moontlik meer as bloot interessantheidswaarde.

Die vier vraagstukke waarop daar ingegaan is, hou verband met mekaar in die sin dat lig gewerp word op faktore wat voor en tydens die referendum 'n rol moes gespeel het by die uitslag daarvan: die redes waarom 'n ja- of nee-stem uitgebring is, gee 'n aanduiding van die dieperliggende dinamiek van die stemgedrag van Suid-Afrikaners; die mediagebruik van die respondente beklemtoon die belangrike rol wat die media in hierdie stemgedrag speel; wanneer tot 'n finale stembesluit gekom is, belig die proses van besluitneming by die kiesers, en die vrae oor die toekomsverwagtinge van die respondente gee 'n aanduiding van die toekomsperspektief van Suid-Afrikaners.

Dit is insiggewend dat die respondente van mening is dat grondwetlike verandering 'n hoë prioriteit vir Suid-Afrika is. Die standpunt dat die nuwe grondwet 'n beginpunt vir hervorming is, dat dit tot beter rasseverhoudinge mag lei, en stabiliteit tot gevolg mag hê, is gestel as rede waarom diegene wat ja in die referendum gestem het, wel so gestem het. Bykans 64 % van die redes in hier-

die geval kon onder die kategorie grondwetlike verandering geklassifiseer word. Magsdeling, wat die tweede meeste genoem is, het maar 16 % van die genoemde redes behels.

Wat die nee-redes betref, het daar 'n groot verskil voorgekom tussen die eerste en tweede rede wat genoem is. Die antwoorde van die respondente kan by 43 % van die gevalle in die kategorie Magsdeling ingedeel word, en in 20,2 % van die gevalle onder Algemeen. Onder Magsdeling is antwoorde soos dat die soewereine Blanke parlement behoue moet bly en dat dit die eerste stap na integrasie insluit, terwyl onder Algemeen persoonlike redes vir 'n nee-stem genoem is. Die tweede en derde redes is egter byna dieselfde aantal kere genoem, naamlik Algemeen 148 kere en Grondwetlike verandering 146 kere. Die nee-redes het dus 'n eweredige verspreiding getoon, wat daarop dui dat die respondente meen dat diegene wat teen die beoogde grondwet is, 'n groter verskeidenheid van redes het waarom hulle nee gestem het.

Uit diegene wat bereid was om hul eie persoonlike redes te gee waarom hulle vir of teen die nuwe grondwet gestem het (3,08 % het geweier), is redes geklassifiseer onder die kategorie Grondwetlike Verandering weer eens baie duidelik die meeste kere genoem (bykans 55 %). Algemene redes en Magsdeling het ook hier 'n baie gelyke tweede en derde rangordeposisie met 18,2 % en 17,7 % onderskeidelik behaal.

Alhoewel die ryke verskeidenheid van redes wat die respondente genoem het, eerstens waarom hulle gedink het ander mense ja of nee gestem het in die referendum, en andersyds waarom hulle persoonlik 'n ja- of nee-stem uitgebring het, enigsins verskraal is deur die kategoriesering van die redes, is dit baie duidelik dat enkele belangrike redes na vore gekom het: grondwetlike verandering, magsdeling en in 'n mindere mate persoonlike, emosionele redes.

'n Tweede verbandhoudende aspek waarop in hierdie navorsing gelet is, is die mediagebruik van die respondente. Die frekwensie waarteen respondente na die agtuur-nuus op televisie en die program Nuusfokus gekyk het, asook watter koerante gelees is, is nagegaan. Daar is ook gevra in watter medium die meeste aansluiting of bevestiging vir sy/ haar standpunt ten opsigte van die referendum gevind is.

In aansluiting by die hoë algemene televisiekykfrekwensie van Suid-Afrikaners (3,7 miljoen kykers), is gevind dat meer as die helfte van die respondente vyf aande 'n week of meer na die televisienuus om agtuur kyk. Gedurende die referendumveldtog die ses weke voor stemdag op 2 November 1983 is taamlik intensiewe dekking van die verskillende standpunte gegee. In watter mate hierdie dekking 'n rol in die uiteindelike uitslag van die referendum gespeel het, kan afgelei word uit die bevinding dat die grootste enkele groep respondente (42 %) genoem het dat televisie die medium is waar die meeste bevestiging of aansluiting vir hul standpunt verkry is. Die feit dat die program Nuusfokus ook relatief getrou ondersteun is (meer as die helfte van die respondente het weekliks na Nuusfokusprogramme gekyk), bevestig bogenoemde stelling. Televisie het heelwaarskynlik 'n groot rol gespeel in die verskaffing van inligting oor die referendum aan die publiek. Die plek van persoonlike gesprekke in die politieke proses is ook deur die gegewens belig: Drie-en-twintig persent van die respondente het persoonlike gesprekke genoem as bron waarby die meeste bevestiging of aansluiting van hul standpunt ten opsigte van die referendum verkry is. Dit is die tweede hoogste persentasie, naas televisie. Dit is interessant dat koerante in hierdie verband 'n minder belangrike rol gespeel het, met 'n persentasie van slegs 12,82 % vir die respondente wat aangedui het dat hulle uit koerante die meeste bevestiging of aansluiting vir hul standpunt gekry het. Die dagblaaie *Beeld* en *The Star*, en die Sondagkoerante *Rapport* en *Sunday Times* is die meeste kere genoem. Uit die resultate van die

ondersoek is dit duidelik dat die massamedia, en spesifiek televisie, geen geringe rol in die demokratiese debatteringsproses voor die referendum gespeel het nie.

Van die interessantste bevindinge van hierdie ondersoek is die ontleding van wanneer tot 'n finale stembesluit gekom is. Hiervolgens het meer as 46 % van die respondente reeds meer as ses weke voor die referendum besluit hoe hulle gaan stem. Daarenteen het 12,34 % gemeld dat hulle op referendumdag self eers tot finale besluit gekom het. 'n Verdere 32,15 % het tussen die ses weke en die twee weke voor referendumdag eers tot 'n finale besluit gekom. Dit wil dus voorkom of daar by bykans die helfte van die kiesers intensiewe oorweging van die verskillende standpunte gedurende die ses weke voor die referendum was.

Die toekomsverwagtinge van die respondente is in politieke terme gemeet deur te vra uit wie die regering oor twintig jaar sal bestaan. Nagenoeg 37 % was van mening dat die regering uit Blankes, Kleurlinge, Indiërs *en* Swartes sal bestaan. Heelwat meer Engelssprekendes as Afrikaanssprekendes het hierdie standpunt gehuldig. Twintig persent van die totale groep was onseker, en 'n verdere bykans 21 % het gedink dit sal soos met die nuwe bedeling uit Blankes, Kleurlinge en Indiërs bestaan. 'n Volle 14,77 % het gedink die regering sal slegs uit Blankes bestaan. Meer as die helfte van die respondente het gevoel dat die samestelling van die regering soos hulle verwag dit oor twintig jaar gaan lyk, 'n goeie ding sal wees. 'n Verdere tien persent was onseker. Bykans 60 % van die groep was van mening dat die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe gaan verbeter.

Die gegewens van hierdie studie, wat deur middel van 'n telefoonopname twee weke na die referendum op 2 November 1983 ingesamel is, vorm 'n agtergrond vir 'n verdere ondersoek na die agendastellende funksies van die media soos dit in Suid-Afrika op die referendum betrekking het.

Dit gee 'n beskrywing van die redes waarom 'n ja- of 'n nee-stem uitgebring is, die stemgedrag van die respondente, hul mediagebruik en hul toekomsverwagtinge.

Ten einde te bepaal of die media (meer spesifiek televisie) 'n agendastellende funksie in die afgelope referendum gehad het, met ander woorde of televisie die kykers ten opsigte van die referendum kon beïnvloed waar*oor* om te dink, sal die resultate van 'n inhoudsontledingstudie van televisienuus- en Nuusfokusprogramme in verband gebring word met die gegewens van hierdie ondersoek.

| | | |
|---|---|---|
| RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING | Telefoneerder-kode | 1-2 |
| | Aand | 3 |
| INSTITUUT VIR KOMMUNIKASIENAVORSING | Volgnr | 4-6 |

AFDELING MEDIA-EFFEKNAVORSING

ME BEL 3 Agendastellende funksies van televisie: Grondwet 1983

Goeienaand meneer/dame. Ek is ______________ verbonde aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Ons is besig met 'n ondersoek na die afgelope referendum en die nuwe grondwet. Ons sal u slegs enkele minute lank besig hou. Ons wil nie weet of u ten gunste van of teen die nuwe grondwet is nie.

1. Om watter redes dink u het diegene wat ja in die pas afgelope referendum gestem het, wel so gestem? U kan tot drie redes noem (in volgorde van belangrikheid).

   1. ______________________________ 7-8

   2. ______________________________
      ______________________________ 9-10

   3. ______________________________
      ______________________________ 11-12

2. Om watter redes dink u het diegene wat nee in die pas afgelope referendum gestem het, wel so gestem? U kan weer tot drie redes noem (in volgorde van belangrikheid).

   1. ______________________________
      ______________________________ 13-14

   2. ______________________________
      ______________________________ 15-16

   3. ______________________________
      ______________________________ 17-18

3. Afgesien van hoe u gestem het, wanneer het u finaal tot u besluit gekom?

1. N.v.t. : Was nie stemgeregtig nie | 1
2. N.v.t. : Het nie tot 'n besluit gekom nie | 2
3. Op referendumdag (2 November) | 3
4. Die twee weke voor referendumdag | 4
5. Ongeveer twee tot ses weke voor referendumdag | 5
6. Meer as ses weke voor referendumdag | 6
7. Nie seker nie | 7

19-20

4. Waar het u die <u>meeste</u> aansluiting of bevestiging gekry vir u standpunt?

1. Koerante | 1
2. Televisie | 2
3. Radio | 3
4. Politieke vergaderings | 4
5. Persoonlike gesprekke | 5
6. Plakkate | 6
7. Nie van toepassing | 7

21-22

5. Uit wie dink u sal die regering bestaan waaronder u en u familie oor 20 jaar sal leef? (Telefoneerder: soos die respondent regering verstaan)

1. Net Blankes | 1
2. Net Swartes | 2
3. Blankes, Indiërs en Kleurlinge | 3
4. Kleurlinge, Swartes en Indiërs | 4
5. Indiërs, Blankes, Kleurlinge en Swartes | 5
6. Weet nie | 6

23-24

6. Dink u dit (bogenoemde) sal 'n goeie ding wees?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Ja | 1 | | |
| 2. Nee | 2 | | |
| 3. Weet nie | 3 | | 25 |

7. Dink u dat verhoudings tussen die verskillende bevolkingsgroepe nou gaan -

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. verbeter? | 1 | | |
| 2. versleg? | 2 | | |
| 3. dieselfde bly? | 3 | | |
| 4. weet nie | 4 | | 26 |

8. Hoe dikwels het u die afgelope paar weke gewoonlik na die 8-uur-nuus op televisie gekyk - dus hoeveel aande per week het u gewoonlik nuus gekyk?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Al sewe aande | 7 | | |
| 2. Ses aande per week | 6 | | |
| 3. Vyf aande per week | 5 | | |
| 4. Vier aande per week | 4 | | |
| 5. Drie aande per week | 3 | | |
| 6. Twee aande per week | 2 | | |
| 7. Een aand per week | 1 | | |
| 8. Geen aand | 0 | | 27 |

9. Hoeveel aande per week het u die afgelope paar weke gewoonlik na "Nuusfokus" gekyk? (Dit is die program wat net na die 8-uur-nuus gedurende die week uitgesaai word.)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Vier aande per week | 4 | | |
| 2. Drie aande per week | 3 | | |
| 3. Twee aande per week | 2 | | |
| 4. Een aand per week | 1 | | |
| 5. Geen aand | 0 | | 28 |

10. Watter koerante lees u gewoonlik? (Moenie vraag afdwing nie.)

______________________________

______________________________ 29-30

______________________________ 31-32

33-34

11 Enkele agtergrondgegewens

(a) Geslag

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Manlik | 1 | |
| 2 | Vroulik | 2 | 35 |

(b) Taal

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Afrikaans | 1 | |
| 2 | Engels | 2 | |
| 3 | Afrikaans en Engels | 3 | |
| 4 | Ander | 4 | 36 |

12 Was u 'n stemgeregtigde in die referendum van 2 November 1983?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Ja | 1 | |
| 2 | Nee | 2 | 37 |

Nou die laaste twee vrae. Maar die beantwoording van hierdie vrae is opsioneel.

13 Indien u 'n stemgeregtigde vir die afgelope referendum was, het u toe gestem?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Ja | 1 | |
| 2 | Nee | 2 | 38 |

14 Om watter redes is u persoonlik vir of teen die nuwe grondwet? U kan ook hier tot drie redes noem.

1 ..................................................................

.................................................................. 39-40

2 ..................................................................

.................................................................. 41-42

3 ..................................................................

.................................................................. 43-44

BAIE DANKIE VIR U VRIENDELIKE SAMEWERKING!

BRONNELYS


1. ATKIN, C.K., GANTZ, W. Television News and Political Socialization. *In:* WILHOIT, G.C., DE BOCK, H. *Mass Communication Review Yearbook Vol. I.* Beverly Hills : Sage. 1980.

2. CARLSSON, G., DAHLBERG, A., ROSENGREN, K.E. Mass Media Content, Political Opinions, and Social Change. Sweden, 1967-1974. *In:* WHITNEY, D.C., WARTELLA, E. *Mass Communication Review Yearbook Vol. 3.* Beverley Hills : Sage, 1982.

3. COHEN, B.C. *The Press and Foreign Policy.* Princeton : Princeton University Press, 1963.

4. LANG, K., LANG, G.E. The Mass Media and Voting. *In:* BERELSON, B., JANOWITZ, M., *eds. Reader in Public Opinion and Communication, 2 nd ed.* New York : Free Press, 1966.

5. LEVER, H. Public Opinion and Voting. *In:* DE CRESPIGNY, A., SCHRIRE, R., *eds. The Government and Politics of South Africa.* Cape Town : Juta, 1978.

6. McCOMBS, M.E., SHAW, D.L. The agenda setting function of mass media. *Public Opinion Quarterly 36.* 1972-1973.

7. VAN ROOYEN, H., CONRADIE, D.P. *Temas wat in nuus- en Nuusfokusprogramme voor die 1983-referendum op TV1 beklemtoon is* (in druk), 1984.

8. VAN VUUREN, D.P., PITOUT, M., VAN DEVENTER, M. *Televisiekykpatrone en videogebruik by die skoolgaande jeug* (in druk), 1983.

## RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere instituut van die RGN kan van die Publikasiebestuurder verkry word.

cop 69626
doc 69070
RCN BIBLIOTE... | HSRC LIBRARY